Professionele naam:	**Lucas Maree**

WETENSWAARDIG

Volle doopnaam	**Lucas Lodewyk Maree**
Geboortedatum	**22 Julie 1952**
Geboorteplek	**Johannesburg**
Huidige Woonplek	**Bloemfontein**
Skoolopleiding	**Danie Malan Laerskool** **Die Hoërskool Langenhoven**
Grade en goeters	**B A Drama – By Tukkies** **Nasionale diploma in Filmproduksie** **Diploma vir Fotografie** **Drie jaar onvoltooide studies in Datametrie**

GESIN

Vrou	**Ilse**
Troudatum	**8 Mei 1981**
Kinders	**Monica (24), Linda (20) en Carla(18)**

GUNSTELING DINGE

Stokperdjies	**Ek hou van rekenaars** **fotografie** **boeke (veral nie fiksie)** **Geskiedenis** **Versamel CD's** **Natuur goeters soos voëls kyk en bome. (***blomme is vroutjie se ding. Sy praat met haar blomme. Ek nie. Ek kry die gedagte dat sy oor my by hulle skinde***r)**
Musiek	**Boere-rave en Simfoniese musiek en alles tussenin. Ek hou ongelooflik baie van musiek. Die is net so wisselend soos die emosies van die dag. Daarom luister ek na enigiets. Mense wat met oorklappe luister pla my, want hulle ontsê hulleself die rykheid van verskeidenheid.**

Orkes	**Beatles, Crickets, Rolling Stones, Pink Floyd, Wallflowers, Bob Dylan, Bob Seeger, Chris de Burgh, Neil Diamond, Bon Jovi, Nirvana, 10 CC, Counting Crows, Bruce Springsteen, Eagles, Guns & Roses, Berlinner Philharmonic, Freshly Ground, Soweto String Quartet, Ladismith Black Mambaso, Juluka (Savuka), ag daar is nog omtrent 'n Miljoen wat ek nie almal hier kan noem nie**
Sanger en Sangeres	**Die Rooikop-houtkapper en sy wyfie.. hulle twee sing die mooiste duet in my tuin. Dit klink so: *fuiiit-toe-del-doe..fuiiit-toe-del-doe..* Die wyfie sing die *fuiiit*, en die mannetjie sing die *toe del doe..* en hulle doen dit so goed, dat dit kompleet soos een voëltjie klink.. Ek wens mense kon so saamwerk soos dié twee**
Liedjie	**Hasie..!**
Rolprent	**Zorba the Greek** **Lion King** **Cinema Paradiso** **Ice Age** **Good Morning Vietnam** **Forrest Gump**
Akteur	**Die gogga met die neut in *Ice Age***
Aktrise	**My dogters wanneer hulle vir my sê: "..nie ek nie..."**
Gunsteling TV Program	**Die Nuus. Dis baie realisties, amper netsoos die werklike lewe.**
Gunsteling Klere	**My broek, want daarsonder is ek my waardigheid kwyt**
Gunsteling Kleur	**Blou; maar ek dra meesal swart klere omdat die prakties is: die wys nie die beetvlekke so maklik nie, en dit steek nogals die vetrolletjies beter weg as die ligter kleure.**
Gunsteling dag van die jaar	**Gister ... want alles lyk helderder daar en voorspelbaar.. he he he**

Gunsteling dier	**Ilse**
Gunsteling blom	**Die Kosmos. Dit groei onbaatsugtig en vra nie dat jy dit moet pamperlang nie.**
Gunsteling boom	**Soetdoring. Die boom in die middel van die tuin.**
Waarmee kan ek omgekoop word	**Liefde. Ek is ’n absolute sucker wanneer dit by liefde kom. Kos! Veral met Tannie Mollie se “trifle”**